# NGK Hayfields Huisgeloof

Hoe om hierdie te gebruik: Lees saam die leesrooster teksgedeelte, dalk voor bed tyd, in die oggend, of tydens 'n gesinsmaaltyd. Gaan deur die gespreksvrae op een slag, of antwoord een vraag per dag om julle te help om oor die teksgedeelte dink die hele week lank. Eindig julle tyd af in gebed. Hierdie kan 'n eenvoudige geloofsgewoonte wees om in julle week in te bou.

## 1 Korintiërs 15:1-11

1 Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat
ek aan julle verkondig het en wat julle ontvang
het en waarin julle ook gevestig staan. 2 Deur
dié evangelie word julle ook gered as julle
vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle
verkondig het. As julle aan iets anders vashou,
het julle tevergeefs tot geloof gekom. 3 Die
belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en
wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir
ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; 4 Hy is
begrawe en op die derde dag opgewek, volgens
die Skrifte. 5 Hy het aan Sefas verskyn, daarna
aan die twaalf, 6 en daarna aan meer as vyf
honderd broers tegelyk, van wie sommige al
dood is maar die meeste nou nog lewe. 7
Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan
al die apostels. 8 Heel laaste het Hy ook aan my,
die ontydig geborene, verskyn. 9 Ek is immers
die geringste van die apostels en is nie werd om
'n apostel genoem te word nie, omdat ek die
kerk van God vervolg het. 10 Maar deur die
genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan
my was nie tevergeefs nie; inteendeel, ek het
harder gewerk as hulle almal; eintlik was dit nie
ek nie, maar die genade van God wat by my is.
11 In elk geval, of dit ek is of hulle – dit is wat
ons verkondig, en dit is wat julle geglo het.

**Tema: Die opstanding van Christus**

"My pa se bakkie is tog groter as joune!" Het julle mense al so gehoor praat? Wanneer mense probeer wys dat hulle goed groter en beter as ander mense s'n is, noem ons dit spog, of brag.

Maar dink vir ŉ oomblik aan jou pinkie! Die pinkie is baie belangriker as wat ons dink, maar die pinkie spog nie daaroor nie. Die pinkie, as die kleinste vinger, herinner ons dat ons geroep word om nie te spog oor dit wat ons het of is nie. Paulus is 'n goeie voorbeeld van iemand wat rede het om te spog. Hy het, ten minste vir die Joodse Christene van sy tyd, baie goeie goed gedoen. Paulus skryf egter alles toe aan wie God is en wat God gedoen het en vat nie die eer vir homself nie. So word Paulus 'n voorbeeld van 'n man wat nederig is.

Doen: Maak 'n afdruk van jou hand op 'n bladsy of teken die buitelyne van jou hand. Gebruik jou duim om die nek en gesig van die pou te teken en teken die vere van die pou in die ander vier vingers. As jy 'peacock hand art' Google, sal jy voorbeelde kry. Mag die pou jou herinner dat ons trots mag wees oor die mooi dinge, maar dat ons in nederigheid altyd aan God die eer vir hierdie dinge moet gee.

Gesels:

- Hoekom sê Paulus kan hy self nie spog oor hoe hard hy gewerk het en wat hy bereik het nie?
- Nederigheid is nie om minder van jouself te dink nie, maar minder aan jouself te dink. Hoe verstaan julle die verskil tussen hierdie twee idees van minder van en minder aan jouself dink?
- Hoe kan jy trots wees en jou beste gee, en terselfdertyd dankbaar en nederig?

**Bid: Sê saam dankie oor die dinge waaroor julle trots of bly is en vra God se hulp om nederig te wees en om ŉ getuie vir Hom te wees.**

Zapper, indien jy 'n bydrae tot die bediening van die gemeente wil maak.